Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 18 Augustus 1948 No. 39

## HOPEFIELD PRESTEER

**Die O.B.-kommando's van Hopefield het met hul O.B.-dag-funksie die bedrag van verlede jaar verdubbel terwyl daar nog uitstaande lyste is. Daar is reeds byna £50 ingesamel.**

Die funksie, wat die vorm van 'n basaar aangeneem het, is deur hfgenl. Max Smuts geopen. Daar was ook Boeresport en kompetisies. Daar was 'n pragtige gees van samewerking en baie nie-lede het ook die funksie bygewoon en hartlik daaraan deelgeneem. (Meegedeel).

## BROERS SKENK £100

**By geleentheid van die Rustenburgse fees het twee troue Brandwag-offisiere, mnre. S. W. Roos en T. J. J. Roos van die Motorhawe, Brits, 'n tjek van £100 aan die K.G. oorhandig „as blyk van waardering en dankbaarheid vir die leiding wat die K.G. aan ons Beweging gegee het gedurende die sewe maer jare toe alles donker vir ons Beweging was. Die meeste smaad en hoon wat nog ooit op 'n Afrikaner-volksleier gepak is, het hy gedra en nog steeds koers gehou."**

**Die K.G. het sy dankbaarheid oor die vertroue uitgespreek en verlof gevra om die tjek aan die Ossewabrandwag te oorhandig. Dit is daarop gedoen.**

## SKIEREILAND SE VOORLOPIGE BEDRAG: £850

**Die Ossewabrandwag-eenhede van die Kaapse Skiereiland het eergisteraand hul insamelings vir O.B.-dag gestort en die pragtige bedrag van £843 byeengebring. Daar is nog etlike eenhede wat nie gestort het nie.**



**Komdte. Jeppe**

**Die opbrengs sal dus die van verlede jaar ewenaar.**

**Generaalskap A1 het £690 byeengebring en A2 £197. Die Boerejeug het £41 gestort terwyl die Generaalskas £15 bygedra het. Die rekordbedrag van £225 is deur komdte. A. M. Jeppe van die Papendorp-kommando ingesamel. Verlede jaar het haar eenheid £155 opgelewer.**

# O.B. HET 'N PLIG VIR HEDE SOWEL AS TOEKOMS

## Standpunt Teenoor A.P. Deur K.G. Verduidelik

**'n Duidelike uiteensetting van die posisie van die Ossewabrandwag met sy ideaal van 'n volkseenheidstaat binne die huidige partystaat, en sy houding teenoor die Afrikanerparty, is deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, gegee by geleentheid van die groot sametrekking te Rustenburg op 7 Augustus. Aansluiting by die Afrikanerparty kan geen botsing bring nie, het die K.G. gesê, omdat die Ossewabrandwag as sodanig nie met die partypolitiek inmeng nie. Sy strewe het betrekking op die Republiek wat partyloos sal wees.**

Verwysende na die 10-jarige verjaardag van die Beweging het die K.G. die gehoor herinner dat ons volk nog maar jonk is .... tien jaar gelede het ons ons eerste Eeufees gevier. Tien jaar van taaie trou en volharding van 'n landswye ketting van Afrikaners het al deel geword van ons volksiel en die O.B. sal nog legende word by die Afrikanerdom — **die O.B. met sy pligsbesef, sy lyding in kamp en tronk en sy Noodhulpfonds wat, alle moeilikhede tenspyte, geen enkele Afrikanervrou of kind van 'n slagoffer van die Empire onversorgd gelaat het nie.**

Die afgelope verkiesing het ons gewys wat gedoen kan word as ons saamstaan — al was die saamstanery nie eens orlas nie. Daar was twee leidings in die verkiesing; die een het die H.N.P. belet om enige ooreenkoms hoegenaamd met hul mede Republikeine in die O.B. aan te gaan. Die ander leiding, dié van die O.B., het gesê **„landswye samewerking indien moontlik; maar in hemelsnaam elkgeval plaaslike samewerking waar ons mekaar kan vind".** Die eerste leiding, indien die H.N.P. dit gevolg het, sou die verkiesing laat verongeluk het ... **daaraan kan niemand twyfel nie.** Gelukkig het die tweede een geseëvier en spreker wil Rustenburg gelukwens dat dit op daardie gebied die baanbreker was. „Wat die O.B. betref, hy streef om van die hele land 'n Rustenburg te maak in hierdie opsig".

### PUNTE VAN OOREENKOMS

**„Maar dan is dit nodig dat ons let op die punte van ooreenkoms en nie op dié van verskil nie.** Die Transvaler van 'n week of wat gelede, na aanleiding van die Grootraadsbesluit, het afgekeur dat die O.B. nog hang aan „'n partylose (d.w.s. Een-party) staat". Verbeel u! As ons sê partyloos, dan lees die Transvaler daaruit „Een Party". Hierdie logika .... ek neem aan dit is dié van senator Verwoerd ... is! „partyloos — d.w.s. eenparty;" „wit — d.w.s swart;" „sin — d.w.s. onsin" en besmoontlik „volkseenheid — d.w.s. diskriminasie tussen volksgenote"!

**„Nee, as die O.B. sê republiek dan bedoel hy republiek, en as hy sê partyloos dan bedoel hy partyloos.**

### REPUBLIKEINS

„Maar laat ons hierdie ewige geskipper teen ons partyloosheid op die keper neem. Waarom is ons republikeins? Is dit omdat ons dink dat die republikeinse staatsvorm soveel beter is as dié van 'n monargie of koninkryk? **Glad nie noodsaaklik nie. Ook die goddelose Sowjets is republikeins en ons is teen hulle gekant. Nee, laat ons die feit aanvaar dat ons republikeine is nie op akademiese meriete nie maar omdat ons enigste tradisie 'n republikeinse is.**

Ons verlede is republikeins en enig ander vorm sou by ons uitheems en nabootsend, oneg, wees. Nie noodsaaklik slegter nie ... maar noodwendig oneg.

**„En nie net was die verlede republikeins nie .... die verlede was ook partyloos!**

### ONS EIE

**„Die koerante wat met ons partylose ideaal nie gediend is nie, kan ons van enige ander sonde beskuldig as hulle wil — net nie van uitheemse leerstellinge nie!**

„Maar, soos ek al dikwels tevore beklemtoon het, ons is nie verdwaalde en wêreldvreemde idealiste nie; ons besef goed dat, afgesien daarvan of ons ideaal die partylose staat is, ons lewe in die partystaat (die huidige Unie van Suid-Afrika). **Ons leef in die partystaat en ons volk se probleme is daarin gewortel (en dikwels ook**

(Vervolg op bl. 2, kol. 1)

## Polisie Tree Op Teen Voetbalpoele

**Klopjagte op agt van die Brits-oorgewaaide voetbalpoele in Kaapstad is sedert verlede Vrydag uitgevoer. Speurders het gelyktydig die kantore van sewe van die beweerde loterye ondersoek en inskrywingsvorms sowel as geld weggeneem vir ondersoek.**


Verlede Saterdag is die agste **kantoor in Claremont ondersoek en daar is beslag gelê op intekenvorms. Laasgenoemde onderneming het hom veral op die platteland toegespits.**


Ten spyte van die klopjagte het die voetbalpoele die afgelope naweek nog voortgeduur.

Verskeie persone het die afgelope tyd saam 'n sindikaat gevorm en weekliks tot £15 op die uitslae van die wedstryde inbetaal. Deurdat hulle so 'n wye veld gedek het met hul raaiskote, het hulle binne 'n kort tyd drie keer die eerste prys gewen en 'n paar duisend pond gemaak.

## 3,000 LUISTER

**Soos in die dae voor die skeuring woon duisende Afrikaners die O.B.-sametrekkings weer by soos Rustenburg onlangs getoon het. Dit was die eerste van 'n reeks groot feeste in Transvaal. Regs bo is 'n gedeelte van die optog met die speerpunt Boeredogters vooraan. Net agter volg die orkes. Links onder is 'n blik op 'n gedeelte van die skare. Regs onder is genl. John Vorster van Brakpan aan die woord. Lees ook berigte op bladsy twee.**







## 800 Brandwagte Vier Fees Op Potgietersrust

**Die tweede van die reeks O.B.-feeste in Noord-Transvaal wat verlede Saterdag op Potgietersrust gehou is, was 'n groot sukses. 'n Skare van 800 Afrikaners uit Potgietersrust en omgewing het die fees bygewoon. Die meeste was lede van die Ossewabrandwag. Die K.G., dr. Hans van Rensburg en adv. John Vorster was die sprekers. £150 is gedurende die dag ingesamel, berig ons korrespondent.**

Die funksie is deur ds. Naudé met skriflesing geopen waarna die burgemeester van Potgietersrust 'n welkomswoord aan die aanwesiges gerig het. Die verkoopskraampies is druk besoek.

Tussen sewe- en agtuur die aand is 'n aantreklike program aangebied. Onder meer het die hoërskoolkoor van Potgietersrust opgetree. Daar was ook sangsolo's en gesamentlike sang.

Die K.G., wat in dieselfde gees gepraat het as op Rustenburg, het die baie oud-geïnterneerdes — meesal onderwysers — hartlik verwelkom en met waardering gepraat van die offers wat die moeders en gesinne moes bring. Ook die ander staatsamptenare is hartlik welkom geheet binne die geledere van die Ossewabrandwag.

Daar is ook aangekondig dat die K.G. op 11 September in Pretoria alle staatsamptenare amptelik terug sal verwelkom in die O.B.-geledere.

## Partye Kom Weer Ooreen

Wanneer daar van die regeringslede afwesig moet wees uit die volksraad deur siekte of dringende werksaamhede elders in die land, sal die regering, nieteenstaande sy klein meerderheid, nie in die raad verslaan word nie as daar gestem word, omdat die regeringspartye en opposisie-groep soos in die verlede weer ooreengekom het om lede af te paar ten einde 'n regeringsminderheid te voorkom.

Dit beteken dat as daar een of twee regeringslede afwesig is, en daar gestem moet word, die swepe van die opposisie twee van hul lede beveel om buite stemming te bly.

# O.B. HET 'N PLIG VIR HEDE — K.G.

(Vervolg van bl. 1, kol. 5)

**daardeur veroorsaak!) en ons pligte is ook hier en nou geleë, en nie net daargunter in ons ideaal nie.**

### BINNE PARTYSTAAT

„En die Ossewabrandwag het nog nooit van sy pligte weggeskram nie; dit kan ons ergste vyande nie met waarheid van ons sê nie, en ons is te alle tye bereid om ook binne die partystaat ons Afrikanerplig na te kom. **Daarom het ons herhaaldelik aangebied om met verkiesings te help en telkens is ons geweier. Ons mense was byna sonder uitsondering lede (en baie aktiewe lede) van die H.N.P. en hulle het die een plig gedoen en die ander nie nagelaat nie, totdat hulle, reg of verkeerd, uitgeskop is deur kongresbesluit.** Ek wil nie op die besluit ingaan nie; ons soek medewerking en wil nie in ou wonde krap nie. Ek konstateer net dat daar so 'n besluit was en dat hy nog staan.

„Kortom, ons in die O.B. is uit die een nasionaalgeoriënteerde party (die H.N.P.) uitgeweer en geban en nietemin wil ons ons Afrikanerplig ook in verkiesingstye nakom en help met die organisasie wat die verkiesingstye nakom en help met die organisasie wat die verkisingstryd voorafgaan. Ons wil ons plig doen, maar waar?

### DRIE KEUSES

„In teorie het ons drie keuses gehad; in werklikheid was daar net een.

„In teorie kon ons òf onsself afsydig hou as organisasie en eenvoudig niks doen nie (m.a.w. die Afrikanerdom in sy stryd in die steek laat), òf ons kon hierdie mans en vrouens van die O.B. (van die aktiefste kragte waaroor ons volk beskik) direk in die parlementêre stryd inwerp. Maar dit sou vereis dat ons as Ossewabrandwag ingryp . . . eleksiekomitees stig, kandidate stel, met partye onderhandel en wat dies meer sy. **Kortom, ons sou daardeur die O.B. feitlik omskep in 'n party en die bestaande verwarring en verdeelheid op parlementêre gebied net met nog 'n faktor vermeerder.**

„Ek herhaal die eerste twee teoretiese keuses: ons kon òf hierdie aktiewe Afrikanerkragte neutraliseer en uit die stryd uitskakel omdat ons 'n partylose Beweging is en hierdie stryd 'n partystryd is . . . en dit in 'n tyd waar geen Afrikanerkrag gemis kan word nie . . . òf ons kon die O.B. direk in die stryd inwerp en daardeur feitlik 'n derde verkiesingsorganisasie skep, wat die posisie nog erger sou vertroebel.

### ENIGSTE WEG

„Òf — dit was die laaste keuse — ons kon die O.B.-kragte indirek, deur een van die bestaande nasionaal-georiënteerde partye, in die stryd werp, met behoud van ons O.B.-skap buitekant die partypolitieke terrein.

„Dit was m.i. die enigste verstandige en werklik verantwoordelike weg en dit is die pad wat die Grootraad met sy besluit gevolg het.

„As ek sê dat dit die Grootraad se besluit was, wil ek geensins agter die Grootraad skuil nie. Dit is hul eenparige besluit en ek is baie dankbaar daarvoor. **Tegelyk wil ek persoonlik myself heelhartig met die besluit vereenselwig en ek aanvaar die volle verantwoordelikheid daarvoor dat dit my voorstel aan die Grootraad was, en dat ek die stap bepleit het.**

„Die Grootraad, dus, het besluit om nie die Afrikanerkragte in die O.B. onaktief te laat lê nie en tegelyk om hulle nie direk, d.w.s. as O.B.'s, in die parlementêre stryd te werp nie, dog om deur middel van een van die bestaande partye hulle hul deel te laat bydra.

### NET EEN OOP

„Soos sake staan is daar net twee partye wat naby genoeg aan die O.B. staan om in aanmerking te kom, die Afrikanerparty en die H.N.P. Net hierdie twee, en van die twee is die een vir ons gesluit en weier hulle deur kongresbesluit om ons as volwaardige Afrikaners te aanvaar. Reg of verkeerd maak nou die saak nie; feit bly net dat dit so is.

**„Derhalwe het die Grootraad die enigste pad gevolg wat 'n Ossewabrandwag-man of -vrou met selfrespek kan volg . . . . naamlik om die O.B.-kragte in die Afrikanerparty in te loods, waar daar geen diskriminasie is teen mans en vrouens wat dit met hul volk welmeen, en waar ons 'n volle tuiste kan vind met behoud van ons O.B.-skap op nie-partypolitieke gebied.**

### MNR. HAVENGA

„Ek wil die leier van die Afrikanerparty, mnr. Havenga, die versekering van ons baie opregte dank gee en ek wil hom verder verseker dat hy baie aktiewe en baie lojale diens van sy nuwe lede en partygenote sal kry.

„Daar word baie verdagmakery en ook allerhande besimpelde gevolgtrekkings gemaak deur diegene wat dit nie welmeen met die O.B. nie en ook nie welmeen met die Afrikanerparty nie. Laat my hier namens die lede van die Grootraad en van die Beweging wat aansluit by die Afrikanerparty (en ek is een van hulle) dit sê: Ons ken ons plig teenoor die Ossewabrandwag en ons het daardie plig na ons beste vermoë tien jaar lank nagekom en is voornemens om dit verder, ooreenkomstig ons eed, na te kom. En omdat die O.B. nie direk in die partypolitiek ingemeng is nie, sal dit vir ons nie in botsing bring nie.

### EEN TROU

„Maar juis omdat ons mense is wat ons pligte nakom wil ek verder voor vriend en voor vyand sê dat ons deur hierdie stap ook aanvaar dat ons op partypolitieke gebied net een trou het, en dié is aan die Afrikanerparty met sy leier en sy kongres.

„Ons in die O.B. is gewoond, tien jaar lank en deur al die swaar van die oorlog en die kampe en die Noodhulpfonds gewoond, om by ons vriende te staan.

**„Daardie partypolitieke trou sal ook aangewend word om ons nuwe tuiste sterk te maak en ons nuwe vriende te laat voel dat hulle reg gehandel het toe hulle ons, tenspyte van die lawaai van andere, verwelkom het.**

### SAMESMELTING

„Ons hoor nou dikwels dat daar behoort net een party vir alle nasionaalgesindes te wees en dat die twee partye moet saamsmelt. In beginsel het min van ons iets daarteen en ons laat dit oor aan toekomstige ontwikkelings. Maar van een ding is ons in die O.B. al lankal oortuig . . . dit het die laaste sewe, agt jaar van skeuring ons so deeglik geleer dat niks dit weer uit ons koppe sal uitkry nie.

„Ons het naamlik geleer dat geen party alleensaligmakend is nie; baie mense dink dat ons moet almal aan een party behoort, anders is ons geen goeie Afrikaners nie. Baie mense voel selfs dat ons moet aan een kerk behoort, of ons is geen goeie Christene nie. Maar ons het in hierdie klein Afrikanervolk alleen drie Hollandse kerke . . . en ons probeer tog almal, temidde van swakhede, om goeie Christene te wees. En niemand van ons durf waag om te sê dat sy medemens in die ander kerkgenootskap daardeur 'n swakker Christen is nie. Tensy, natuurlik, dat die beoordelaar die Fariseër wil speel.

### ALMAL AFRIKANERS

„Ons in die O.B. laat ons nie dikteer dat ons moet aan hierdie of daardie party behoort om 'n goeie Afrikaner te wees nie, en dat ons volksgenoot wat elders staan juis daardeur 'n slegte Afrikaner moet wees. Ons soek die samesnoering van alle Afrikaners, ongeag hul partyverband.

**„Maar in so ver as ons op die partypolitieke terrein ons kragte vir die Afrikanerdom wil gebruik, daar doen ons met behoud van ons selfrespek dit onder die leiding van mnr. Havenga wat ons as goeie Afrikaners die hand gereik het.**

„Ek wil die vaste vertroue uitspreek dat ons ook sy hande, in diens van gesonde volksbelange, na ons beste vermoë sal sterk."

## Vir Nederland

**Mnr. J. M. van Tonder, P.K. Merweville het 12/6 gestuur om een eksemplaar van Die O.B. vir 'n jaar lank na Nederland te stuur. Daar is reeds voorsiening gemaak vir 17 eksemplare.**

# REUSE-ONTVANGS VIR K.G. OP RUSTENBURG

**Die herdenking van die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag op Rustenburg op 7 Augustus was 'n groot feestelikheid en die sukses het selfs die stoutste verwagtings oortref. Dit was die eerste van 'n reeks feeste wat in Gebied F gehou is en die opkoms van 3,000 het opnuut getuig dat die Ossewabrandwag in volle vaart vooruit beur.**

Honderde motors het op die feesterrein toegesak en lang rye verkoopskraampies het elke oomblik gewemel, behalwe tydens die toesprake. 'n Pragtige groot verhoog is op die feesterrein aangebring en met vlae en vaandels versier. Die orde, netheid en dissipline was vir elke besoeker opvallend.

Om half-twee die middag het 'n erestoet van meer as 150 motors versier met O.B.-vlae en vierkleure die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg en mev. Van Rensburg, buitekant Rustenburg ontmoet. 'n End buite die feesterrein het die Boerejeug, met volle orkes, 'n indrukwekkende erewag opgestel en 'n spesiale afdeling van die O.B.-wag het hulle vergesel.

Vanhier het die optog onder leiding van hfgenl. K. Behrens en vergesel van die K.G., mev. Van Rensburg, die Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuysen en genl. Tienie Grobler, op maat van die orkes na die dorp gemarsjeer, om die stadshuis, en daarvandaan na die feesterrein. Voor die spits van die optog was flinke Jeugeenhede waaronder 'n speerpunt Boeredogters. Die eenhede het onder bevel van komdt. Vale Ferreira gestaan.

Onderwyl die gehoor op aandag gestaan het is drie vlae deur lede van die wag gehys. Die hoofgeneraalskap het daarop 'n adres aan die K.G. oorhandig terwyl mev. K. Behrens mev. Van Rensburg 'n pragtige ruiker aangebied het. 'n Tweede adres, nl. van die broers Roos (Motorhawe-eienaars van Brits) met 'n tjek van £100, is daarna die K.G. aangebied. Die hoop is uitgespreek dat ander besighede die voorbeeld sal volg. Nadat die K.G. 'n kort woord van dank gespreek het, het hy die tjek aan die Ossewabrandwag oorhandig.

Die opbrengs van die funksie was £500. — (Korr.).

## Wil Afduik Na Oerwoud Van Oseaan

Italiaanse wetenskaplikes is van voorneme om een van die dae met 'n klein diepsee-duikboot die onbekende dieptes van die oseaan te ondersoek, berig Sapa. Die voorneme is om 2,000 voet onder die oppervlakte van die water te daal en die plante en dierelewe op daardie diepte te bestudeer, en sodoende geheime te ontsluit wat vir die menslike oog nog altyd verborge was.

Op 'n sekere diepte verander die plantelewe na 'n woud van groot „bome" waartussen die duikboot van plek tot plek sal beweeg en met vyf sterk ligte die seebodem verlig. Met 'n spesiale toestel word gehoop om van die visse te vang en vir ondersoek na die oppervlakte te bring.

## Vrou Ontvlug Uit Russiese Konsulaat

**Omdat sy blykbaar oor inligting beskik en van voorneme is om dit aan die Amerikaanse regering te verklap, het die Russiese konsul in New York 'n Russiese onderwyseres gevange gehou in sy kantoor vanwaar sy verlede week uit 'n venster op die derde verdieping van 'n gebou gespring het om weg te kom van die Russe. Die Amerikaanse regering het versoek dat sy uitgelewer moet word vir ondervraging, maar die russe het geweier.**

**Haar sprong het egter nie haar dood veroorsaak nie en sy sal blykbaar herstel om haar verhaal te vertel en word tans deur die Amerikaanse polisie bewaak.**

# „O.B. MOET ALTYD DAAR WEES"

**„Die Ossewabrandwag het in sy uur van hoogste nood geweier om te ontbind en hy sal nou dat sy kop deur is, eweseer weier om te ontbind. Die Ossewabrandwag moet altyd daar wees indien partyskeuringe mag aanbreek. Dan wil hy die bindende Afrikanerkameraadskap beklemtoon," het genl. John Vorster by geleentheid van die feesviering op Rustenburg verklaar.**

Genl. Vorster het kortliks aangetoon hoe baie werk daar nog is om te doen vir 'n Volksbeweging. **Niemand sou wens dat daar weer skeurings binne Afrikaner-geledere in nasionale kringe moet kom nie; maar party-vorm kan dalk daartoe lei, en ons historiese ervaring in die afgelope jare maan ons om realisties te wees. Dit is 'n verstandige mens wat hom voorberei vir gebeurlikhede. Die Ossewabrandwag wil altyd daar wees indien partyskeuringe mag aanbreek. Dan wil hy die bindende Afrikanerkameraadskap beklemtoon en nie vra of iemand lid is van die of van daardie party nie, maar of hy 'n goeie Afrikaner is wat sê Suid-Afrika eerste en wat met die daad getuig daarvan dat hy sy broer se hoeder is.**

Die O.B. behoort sy volwaardige aandeel oral te neem. Dit kom daar nie op aan op watter gebied van die volkslewe dit is nie. As volksbeweging is dit juis sy taak; en met behoud van sy identiteit moet hy die goeie gesindheid soek van almal wat wil saambou aan die selfstandigheid van Suid-Afrika en die vryheid van die volk wat daarin woon.

Die oggend was daar 'n onderhoudende toespraak deur oud-generaal Louis Bootha.

## SUID-AFRIKA PRESTEER OP OLIMPIADE

**Weens die uitstaande bydrae van sy boksers en Marathonhardlopers het Suid-Afrika daarin geslaag om eer in te oes by geleentheid van die Olimpiese Spele wat die afgelope weke in Brittanje gehou is. Twee boksers, George Hunter (ligswaar) en G. Dreyer (lig) het die oorwinnaarskroon behaal, terwyl eersgenoemde nog die beker gewen het vir die beste bokser op die Spele. 'n Tweede en derde plek is daarbenewens verower deur D. Shepherd en J. Arthur, terwyl 'n vyfde bokser, D. du Preez, deurgedring het tot in die halfeindrondte. Suid-Afrika is die enigste land wat twee eerste pryse in boks verower het.**

**In die Marathon — die groot wedloop van die Spele — het Johannes Coleman vierde en S. Luyt sesde gekom uit meer as veertig mededingers.**

## DIE O.B.-LEIERS

# Het Die Moeilike Pad Van Onder Begin

**Onder die groot aantal Potchefstromers wat gedurende die oorlog in die stryd teen die Empire in die tronk beland het, was ook genl. prof. F. J. Labuschagne wat saam met twee ander manne aangekla was van hoogverraad teen koning George VI. Tans staan prof. Labuschagne nog aan die spits van die Ossewabrandwag in Potchefstroom, een van die sterk vestings van die O.B. in Wes-Transvaal.**

Genl. Labuschagne, wie se lewe gekenmerk word deur die stadige vooruitbeur van 'n boerseun wat elke sport op die leer vegtend moes verower, is op 18 November 1895 aan die Skoonspruit, Ventersdorp, gebore en het sewe jaar lank die voorreg gesmaak om Republikeinse onderdaan te wees. Reeds op vyfjarige ouderdom is hy saam met sy familie na die Potchefstroomse konsentrasiekamp gebring waar hy sy eerste onderwys in 'n eentalige Engelse kampskool ontvang het.

Terug op die geruïneerde plaas was sy volgende skool om uit gebrek brood te eet, uit armoede geklee te word en uit die verwoesting orde te skep en te herbou saam met sy vader, Pieter Willem, die breier, en sy moeder, Magaretha Jacoba, die sorgende en biddende.

### LEIDENDE ROL

Reeds as seun het prof. Labuschagne 'n leidende aandeel gehad in die skool- en jeuglewe. As student het hy op verskeie besture gedien en was ook mede-stigter van die A.N.S. en ook die eerste sekretaris van die hoofbestuur van die Bond. Sedertdien het hy altyd 'n leidende rol in die kultuurlewe gespeel, asook in die kerklike lewe.

So tussen al die ontwrigting na die oorlog het hy sy eerste na-oorlogse skoolonderwys ontvang in 'n C.N.O.-skool waar hy „Hollands" leer lees het uit „De Klimop", leer skryf en leer reken het. Hierna het die onderwys in die Milnerskole begin. Sy middelbare onderwys het hy op Ventersdorp ontvang vanwaar hy na die Normaalskool te Pretoria is. Daar het hy in 1917 die Onderwyssertifikaat derde klas, behaal en laerskoolonderwyser geword, eers as assistent tot 1919, en toe as hoof tot 1927.



Prof. Labuschagne.

### PRIVAAT STUDIE

Intussen het hy bly voortstudeer en deur privaat studie as diensdoende onderwyser die volgende behaal: (1) die **Diploma vir Nederlandse Letterkunde** van die S.A. Akademie (1918); (2) Die **Onderwyssertifikaat,** Tweede Klas (1919), (3) die **Matrikulasiesertifikaat** (1920); (4) B.A. — met onderskeiding in Hollands (1924); (5) as buitemuurse student aan die P.U.K.: die Hoër - onderwysdiploma (1926) en (6) as diensdoende onderwyser die M.A.-eksamen in Nederlands-Afrikaans met onderskeiding in 1929.

Hy is in 1925 getroud met mej. Maria Grové, en uit die huwelik is 'n seun en twee dogters gebore.

### WORD PROFESSOR

Vanaf 1927 tot 1930 was hy onderwyser in Engels en Afrikaans aan die Hoërvolkskool, Potchefstroom, en van 1930 tot 1931 hoof van die Middelbare skool te Schweizer-Reneke. Vandaar het hy die aanbieding van 'n senior-lektoraat in Nederlands-Afrikaanse Taalkunde aan die P.U.K. vir C.H.O. aanvaar en begin 1938 is hy bevorder tot professor.

**Prof. Labuschagne was die stigter van die Ossewabrandwag op Potchefstroom en was ook die eerste kommandant. In hierdie hoedanigheid is hy ook gearresteer en aangekla van hoogverraad, maar in Augustus 1941 is hy vrygespreek deur 'n spesiale strafhof te Pretoria.**

### NET O.B.

Genl. Labuschagne ken net een lewensbeskouing, dié van die Ossewabrandwag: **„Vir my is die Ossewabrandwag die enigste reddingsmiddel vir ons verbrokkelde volk. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat die Milner-onderwys in Suid-Afrika misluk het en dat die oerkragte van eiewesendheid, van die eie bloed en bodem en gees in die groei-aarde van die christelike nasionale lewensoortuiging, geseëvier het."**

## O.B.-Funksie Clanwilliam

**Die Clanwilliam-Kommando hou hul O.B.-dag funksie te Seekoevlei op 4 September, vanaf die oggend om 10-uur.**

**Die middag om drie-uur sal gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl as spreker optree.**

# NUWE L.V.'s. GESKOK DEUR SKELDTAAL IN VOLKSRAAD

**Die gehalte van die besprekings het binne die eerste vyf sittingsdae van die volksraad tot so 'n peil gedaal en die wanordelikheid so toegeneem as gevolg van ongedissiplineerde optrede van lede van die huis, dat die Speaker, mnr. Tom Naudé, hom verlede Donderdag genoodsaak gevoel het om die L.V.'s daarop te wys dat hul optrede nie die volksraadsaal tot eer strek nie. By dieselfde geleentheid het mnr. Wennie du Plessis, nuwe L.V. vir Standerton, vir die eerste keer in die huis gepraat en verklaar dat hy sowel as ander nuwe lede „geskok" is oor die gedrag in die volksraad.**

Terwyl die publieke galerye vol gepak was van belangstellendes — wat bitter teleurgestel moes gewees het—is beledigings en onsinnighede heen en weer oor die vloer geslinger sodat dit by tye moeilik was om te hoor wat 'n spreker te sê het.

Mnr. Du Plessis het verskoning gemaak dat hy sy eerste toespraak oor hierdie onderwerp moet hou en verklaar dat hy gehoop het om dit onder gunstiger omstandighede te doen. **Hy en nuwe lede wat met hoë verwagtings na die volksraad gekom het, is geskok, het hy gesê.**

### VERMAAN

Hierop het die Speaker die woord geneem en verklaar dat die velerlei tussenwerpsels wat die debat gekenmerk het en die persoonlike refleksies nie die huis tot eer strek nie. Hy wil nie graag teen lede persoonlik optree nie, maar in die toekoms sal hy verplig wees om die reëls van die raad toe te pas. Persoonlike refleksies en skeldtaal verhoog nie die waardigheid van die raad nie.

**Hy stem saam met die vorige spreker en dink dat nuwe lede bitter teleurgestel moet wees oor die wanordelikheid.**

Daar is vrylik gebruik gemaak van beledigings soos „skollie", „pampoen", ens.

## Eers End Van Jaar Almal Terug

Teen die einde van die jaar sal alle Duitse krygsgevangenes wat in Brittanje, Frankryk, België, Tsjeggo-Slowakye en Joego-Slawië is, weer in Duitsland terug wees.

**Hulle sal dan meer as drie jaar „slawediens" sedert beëindiging van die oorlog agter die rug hê. Veral Brittanje het met groot teësin afstand gedoen van sy gevangenes wat vir hom veral 'n bron van goedkoop plaasarbeid was.**

Die krygsgevangenes wat in die Verenigde State was, het reeds lankal na hul vaderland teruggekeer. Die enigste uitsonderings is dié wat self besluit het om die land hul tuiste te maak.

***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***


**DIE KIESKEURIGE MAN**

**GAAN VIR SY KLERE NA**

Kotzé

*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*

SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

★ *Verkrygbaar per Augustus 1948* ★

**BOOK OF 40 HOUSE PLANS**

by J. H. Felix, A.I.A.A.

TEEN £0 10s. 6d. ELK POSVRY

● Planne vir enige van die huise beskryf in bostaande boek kan bestel word teen pryse aangegee in die boek.

*KOEPON*

*MNR. J. H. FELIX, A.I.A.A., POSBUS 170, BRAKPAN.*

*Waarde Heer,*

*Stuur my asseblief ............ eksemplare van U boek „Book of 40 House Plans" by J. H. Felix, A.I.A.A.*

*NAAM (in blokletters)*..................................

*POSADRES* ..................................

..................................

..................................

4/8/4

*Ons koop by hulle wat in ons blad adverteer*

*Onthou u*

**SONDER GEWERE**

die opspraakwekkende Roman van S. J. de Jongh? Dit was nr. 1 in die Doringdraadreeks.

★ NR. 2 IS SO PAS GEPUBLISEER . . . .

**AGTER DIE DORINGDRAAD IN KOFFIEFONTEIN**

*geskrywe deur O. L. NEL,* gewese kampleier in Koffiefontein waar hy vir 27 maande geïnterneer was.

● *'n Werk vol spanning, avontuur, humor en realisme. 'n Volledige beeld van die Lewe van die Geïnterneerde Boere: Ontsnappings, Hongerstakings, ens., ens. — maar op al die bladsye vind die leser 'n openbaring van die Afrikaner se taaiheid en volharding en onbreekbare wil tot vryheid.*

*PRYS 10s. Posvry*

(9/- posvry aan intekenare)

*AAN:* L. & S. Boek- en Kunssentrum *(Afd. O.B.), Posbus 4892,* JOHANNESBURG.

Stuur my asb. ............... eksemplare AGTER DIE DORINGDRAAD teen 10/- posvry. Ek sluit ............ .............................. in ter vereffening.

NAAM: ..................................

ADRES: ..................................

..................................

Handtekening.

DIE O.B., WOENSDAG, 18 AUGUSTUS 1948

# ENGELSSPREKENDES KRY KOUD

Te oordeel na uitlatings in die Verenigde Party-pers en berigte wat die oor bereik, voel Engelssprekendes besorg oor die huidige indeling van die partypolitiek. Dit is 'n feit dat die afgelope verkiesing ons land in byna dieselfde toestand gelaat het as in 1910 — aan die een kant 'n sterk regeringsblok van hoofsaaklik Afrikaanssprekendes en aan die ander kant 'n opposisie van Engelssprekendes onder leiding van Jingo-elemente. Dit is nie snaaks dat hierdie toestand ontwikkel het nie as in aanmerking geneem word tot watter mate die Verenigde Party met sy paar Afrikaanssprekende leiers die verkiesing probeer voer het met 'n anti-Afrikaanse veldtog, soos ook onlangs in ons blad duidelik aangetoon is in 'n reeks artikels oor die verkiesing. **Partypolitieke propaganda het 'n byna volmaakte verdeling bewerkstellig tussen die twee blanke bevolkingselemente in ons land.**

Daar is egter een belangrike afwyking van die toestand in 1910. **Waar die Afrikaners destyds as gedemoraliseerde verowerdes nog gemaal het omtrent die rigting wat hulle moes inslaan binne die oorweldigende Britse Ryk, en die aantrekkingskrag uit die aard van die saak na die Engelse element was, daar is die posisie vandag omgekeer. Vandag verkeer die Engelse in 'n toestand van verwarring en verydeling. Die Britse Ryk is besig om in duie te stort en die eenmaal so magtige moederland word op sleeptou geneem deur 'n nuwe wêreldmag — siek en sat van dae.**

### NASIONALISME

Terselfdertyd het die stem van Suid-Afrika ook die Engelssprekende inwoners reeds dermate bekoor dat hulle veral sedert die oorlog 'n steeds sterker drang voel om te antwoord op daardie roepstem. **Dit is daarom ook iets meer as blote vrees vir politieke ondergang wat 'n deel van die Engelssprekendes vandag laat koudkry in hul isolasie en laat soek na die geselskap van Afrikaners op parlementêre gebied.**

Met 'n gemeenskaplike vyand in die buiteland, die Russiese Kommunisme, het daar vir die eerste keer in ons geskiedenis 'n gemeenskaplike buitelandse platvorm vir die Afrikaans- en Engelssprekendes ontstaan. **Tesame met die faktore wat ons reeds genoem het, is dit nie moeilik nie om te sien dat die toekoms 'n besondere geleentheid bied vir 'n nuwe gesindheid van vertroue en waardering waaruit 'n magtige eensgesinde nasionalisme uiteindelik moet ontwikkel.**

### NUWE GRONDSLAG NODIG

As voorbereidingswerk hiertoe bied die Afrikanerparty hom vandag as 'n uitstekende middel; **maar hierdie nuwe moontlikhede sal sy beseëling uiteindelik moet vind op 'n ander grondslag as die party politieke.** Soos aan die begin gesê, is die huidige isolasie van Engelssprekendes die gevolg van partypolitieke opsweping. **Die partystelsel met sy vereiste dat 'n volk in twee strydende groepe moet verdeel, neig uit die aard van die saak om daar oop te skeur waar die nate van die samelewing op hul swakste is. Tussen die blankes in ons land is die grootste kloof dié van taal en afkoms. Dit spreek dus vanself dat die partypolitiek steeds vanuit hierdie kloof sal opereer as sy hoofbasis.** Al sou ons dus weens 'n gemeenskaplike stryd teen Rusland 'n eenheid opbou wat ongekend in ons geskiedenis sal wees, sal die gevaar altyd bestaan dat die politieke partye die nate weer sal oopskeur in hul mededinging om rekrute.

**Dit is daarom nodig dat die gedagte van 'n volkseenheidstaat steeds sterker verkondig moet word sodat enige tydelike samewerking wat die toekoms ons in die skoot mag werp, omgeskep kan word in 'n blywende eenheid wat alleen verkry kan word deur 'n stelsel waar die nadruk val op die punte van ooreenkoms in plaas van die huidige waarin daar gesoek moet word na punte van stryd.**


*O.B.-VERJAARDAGFEES*

**KROONSTAD**

**op 4 September 1948**

| | |
|---|---|
| 9.00 vm.: | Verkoping — Stadsaal. |
| 11.00 vm.: | Ontmoeting K.G., A.K.G. en Jeugleier op Voetbalveld. |
| 12.00 vm.: | Motorstoet deur dorp (bring vlae saam). |
| 1.00 nm.: | Noenmaal in die Stadsaal (gaste moet voor 1 uur aansit). |
| 4.00 nm.: | TOESPRAKE: Genl. J. A. Smith en H/Genl. D. J. van Rooy. |
| 5.30 nm.: | Verversings. |
| 7.30 nm.: | TOESPRAKE: Die K.G., dr. Hans van Rensburg, en Genl. adv. John Vorster — die amper L.V. vir Brakpan. |

*Kom Vier Die Verjaardae Van Ons:*

*K.G. ★ A.K.G. ★ JEUGLEIER*

*asook dié van ons Beweging.*


# PARTYSTELSEL ONVANPAS IN GEVAARVOLLE TYD

## Hollandse Professor Waarsku

**Ook in Nederland gaan daar tans stemme op teen die verbrokkelende partystelsel wat in hierdie gevaarvolle tye nie in staat is om die aanslae wat daar op die volk gemaak word, teen te staan nie. Oor hierdie belangrike vraagstuk laat prof. J. A. van Hamel hom uit in Elseviers Weekblad na aanleiding van 'n oproep van die Nederlandse vorstin waarin sy haar volk tot eenheid maan.**

Prof. van Hamel verklaar dat die Nederlandse volk op verdeeldheid gebou is. „Ons vind nie net alleen alles wat ons van die ander skei, prinsipiëel onoorkomelik nie, maar benut die verskille boonop baie graag in diens van groeps-, party- of kliekbelang." En dan laat hy volg: **„Oor die hele wêreld word die verdeeldheid tans bevorder deur die hedendaagse vorm van demokrasie. Net soos demokrasie voorheen as gevolg daarvan te gronde gegaan het. Elke keer wanneer die gemeenskap besluit om geen leiding te aanvaar nie, maar slegs die twis oor die leiding as beginsel aanvaar — dan is hulle in tye van storm en gevaar magteloos. Die parlementêre regeringsvorm soos tans geformuleer, pas slegs in 'n vreedsame tydperk wanneer die misstappe van vandag maklik weer môre goed gemaak kan word. Die hemel weet, die tyd waarin ons leef is verre daarvandaan. Dit is ver van vreedsaamheid en rus. Dit is 'n tyd waarin elke onbekwaamheid, elke kortsigtigheid, elke eensydigheid hom onherstelbaar en onherroeplik wreek."**

### PARTYSTRYD

Die skrywer verwys na die leiding wat die Nederlandse koningin gedurende die besetting op bewonderenswaardige wyse gegee het. Hierdie leiding het nou terug getree! „Die volk het geheel en al die woord oorgeneem. Dit gaan gepaard met ons stelsel van eweredige kiesreg wat beteken: partybewind, party-insig en partystryd.

„Mens voel tans dat dit anders kon gegaan het, dog die tyd is nou verby vir 'n nuwe begin. En wat nou verder?

„Dit is nie vir Nederland om die volksinvloed onder die maatemmer in te druk nie. Daarvoor is ons volk van ouds af te selfstandig en te verstandig. **Maar dit is goed om gedagtig te wees aan die euwels van die kortsigtige partywese en partygesag wat voortvloei wanneer ander faktore te veel opsy geskuif word."**

Prof Van Hamel gaan voort: **„Dit is 'n uitgemaakte saak dat naas die populêre impluse van die oomblik, leiding met die oog op langtermyn 'n noodsaaklike lewensbehoefte is en dat regering en bestuur nog iets anders beteken as die speel van 'n partyspel."**

# WIL KRAGTE POEL TEEN KOMMUNISTE

**Ten einde die Kommunistiese infiltrasie te beveg het die Britse kabinet opdrag gegee dat die Britse veiligheidsdiens ten nouste moet saamwerk met die verdedigingsdepartemente van Amerika en Kanada. Lyste van bekende agente en lede van die bendes sal onderling uitgeruil word.**

Dit is ook moontlik dat ander dominiums versoek sal word om in hierdie verband saam te werk

Daar word veral drie dinge in gedagte gehou. Die samewerking moet verhoed dat vertroulike inligting uitlek en voorkom dat Kommunistiese propaganda onder die werkers versprei word. Dan word die voorkoming van Kommunistiese struikelblokke in die uitvoering van die Marshallplan, ook in gedagte gehou.

# ENGELSE HUNKER NA AFR.-PARTY

**Daar is 'n sterk beweging onder Engelssprekendes, veral in Natal, aan die gang om aansluiting te soek met die Afrikanerparty, na Die O.B. verneem. Engelssprekendes voel dat dit nie in hul belang is dat die Afrikaners 'n regeringsblok vorm nie, soos dit tans inderdaad die geval is, en die enigste oplossing wat hulle sien is om aansluiting te soek met die Afrikanerparty.**

**Mnr. Havenga se politieke eerlikheid beskou hulle as genoegsame waarborg om hom hul ondersteuning te gee. Een gevolg van hierdie begeerte is dat Engelssprekendes 'n eerlike belangstelling in die Ossewabrandwag se standpunt begin ontwikkel en nou wil weet wat presies die Beweging se staatkundige ideaal is.**

Die bal is in die openbaar aan die rol gesit deur die Natal Mercury wat gepleit het dat daar 'n vereniging van die gematigde elemente binne die V.P. en A.P. moet geskied. Die blad het blykbaar in gedagte 'n soort samesmelting met weglating van „uiterste elemente", **maar dit wil voorkom of talle Engelssprekendes bereid is om individueel by die A.P. aan te sluit soos hy vandag is.** So sterk skyn die drang te wees dat selfs ook Die Suiderstem in 'n groot berig erken dat lede van die Verenigde Party die A.P. met die grootste welwillendheid bejeën. Die blad noem onder andere 'n plek soos Hennenman in die Vrystaat as voorbeeld.

### MAAK VOORBRAND

**Dit is duidelik dat hierdie persorgane van die Verenigde Party 'n toestroming na die A.P. verwag, en dat hulle 'n soort samesmelting as die enigste oplossing beskou om te verhoed dat die Verenigde Party leegloop.** Dat hul vrees gegrond is, is nie te betwyfel nie. Ook in Kaapstad is daar Engelssprekendes wat by die Afrikanerparty aansluit, en die feit dat 'n O.B.-generaal die voorsitter van die A.P.-tak is, maak nie die minste indruk op hulle nie. Inteendeel, die verhoudinge word gekenmerk deur intieme samewerking.

**Waarnemers meen dat die Afrikanerparty baie vinnig sal groei en dat dit in die toekoms nog die brug sal vorm vir 'n beter verstandhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes op 'n nasionale grondslag.**

**Lesers,**

**Daar was 'n tyd toe dit weens die skaarste van goed nie nodig was om te adverteer nie; nogtans het besighede u blad ondersteun. Waar koopware vandag oral bekombaar is, gee die ware O.B. voorrang aan hulle wat nog steeds sy blad ondersteun met advertensies. Noem „Die O.B." se naam wanneer u koop, en help daarmee om 'n adverteerder te behou!**


*OSSEWABRANDWAG-DAG*

**PAARL**

**Die Herdenking van die TIENDE VERJAARDAG van die Ossewabrandwag word vanjaar feestelik gevier op 'n**

**DINEE** *IN DIE* **STADSAAL, PAARL**

***op Donderdagaand, 26 Augustus, om 7 nm.***

**HOOFEREGASTE: Dr. en Mev. J. F. J. van Rensburg**
**Dr. Jan Steyn, L.V.**

★ *Kaartjies teen 7/6 elk kan verkry word van MEV. GEO. VOIGT, Nantesstraat, N. Paarl; MEJ. E. M. ROUX, Die Rialto, S. Paarl; en by plaaslike offisiere.*

11/8/2

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### IN MEMORIAM

**MEEDING.** — Hiermee lê ons 'n kransie van liefde en verlange op die graf van ons dierbare moeder, Anna, ons vooruitgegaan op 14 Augustus 1939. T. en J. Theron en gesin, Koffiefontein. 18/8/1B.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.**—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.),** P.K. Hoekwil, George. 28/7/TK

### GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde** Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

Drie geregistreerde Rhodesian Rifrug tewe gebore 11/2/48. Riwwe perfek vir teeldoeleindes, weggee prys £2/10/- stuk; moet plek maak vir volgende worpsel.—**KOL. SCHEEPERS,** Upsal, Somerset-Oos. 11/8/2B

Ek bied weer aan my agt weke oud wit Leghorn-hennetjies, uit goeie bloed (uitgesoekte henne en hane). Teen 6/6 elk, K.M.B. Gelewer Lichfield Halt. Stuur hokke terug. — **MEV. P. C. DE CONING,** Alpha Indwe. 11/8/2

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie in 5 en 10 pond kissies. Appelringe 3 Diamant 2/1, Perskes 3 Diamant 2/1, Pere 3 Diamant 2/1, Vye 4 Diamant 2/3, Pruimedante 50/60 1/8½, Rosyne 3 Diamant 10½d., Tros-Rosyne 4 Diamant 1/3, Okkerneute 2/3, Amandels 1/9, per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte 8/6 per ses 1 pond pakkies of 6/3 per 5 pondkissie posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

**KUIKENS** dadelik verkrygbaar. Australorps en Leghorns teen £6 per 100. Kruis teen £5 per 100. Ses weke kruis kuikens teen £12 10s. per 100. Drie maande oud kruis hennetjies teen 10/- stuk. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens. Bestel dadelik en voorkom teleurstelling. **H. R. MALAN,** Weltevrede Pluimvee Plaas, P/K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203. 18/8/T.K.

Plaas Fouriesburg distrik, O.V.S., drie myl van stasie en dorp, 228 morge en enige roede, pragtige lande en weiveld. Bus en pos daeliks en halt op plaas. Huis en buitegeboue modern. Besigtiging uitgenooi. Vry van onkruid. Besonderhede op aanvraag. Foon 1602, Du Toit, Hennie. 18/8/3.

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

Speelskeie, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar muilswingels teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjiene; stofsuiers en politoerders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. 18/8/T.K.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u. bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER, P/sak No.** X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

### KLERK BENODIG

Vir Prokureurskantoor op die platteland. Vorige ondervinding 'n sterk aanbeveling. Applikante moet sê welke salaris hulle verlang en die vroegste datum wat pligte aanvaar kan word. Adresseer: „Prokureursklerk", Posbus 1411, Kaapstad. 18/8/1.

## *Die Week In Oënskou*

**Belangstelling in die Afrikanerparty** in die Vrystaat en Transvaal neem aanmerklik toe en daar word weekliks nog nuwe takke gestig. In die afgelope week is daar sewe takke in die Noordelike provinsies gestig.

. . . . .

**Stormweer en swaar reën** het die Skiereiland en omgewing verlede week geteister. Op sommige plekke het woonhuise kniediep in die water gestaan.

. . . . .

**Die Gereformeerde Kerk** en Nederduits-Gereformeerde Kerk het besluit om saam te werk ten opsigte van die stuur van 'n predikant na Argentinië om die Afrikaners daar te bearbei. Daar is sowat 350 lede van die Gereformeerde Kerk en 150 van die N.G. Kerk, sodat daar besluit is op die stuur van 'n Gereformeerde predikant.

. . . . .

**Veertig meisies** van die eiland St. Helena het die afgelope week in Kaapstad aangekom om onder 'n skema in die Unie te kom werk. Die eilanders voer 'n karige bestaan.

. . . . .

**Die stadsraad van Harrismith** sal miskien die wonderseun met die „X-straal-oë" huur om vir hulle 'n geskikte plek aan te wys waar hulle vir water kan boor. Die seun sal ook teen die einde van die jaar na versteekte goud in die Vrystaat soek.

. . . . .

Gedurende die afgelope ses maande is daar 153 blankes en 292 nie-blankes in padongelukke gedood. Meer as 3,000 blankes is beseer in die 26,911 ongelukke wat plaasgevind het.

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

# KOMMUNISTE KRY 'N PERS IN MIDDE-AFRIKA

**Planne van die Kommuniste om die bestaande regering aan die Goudkus omver te werp en „'n Unie van Wes-Afrikaanse Sowjet-Republieke" te stig, het in die hande van die Britse owerheid geval en is onlangs in Brittanje gepubliseer. Aan die spits van hierdie rewolusie staan 'n geheime beweging wat bekend is as „Die Sirkel". Na bewering het die vereniging duisende lede aan die Wes-Afrikaanse kus. Daar word ook berig van 'n toename van linkse koerante in Britse kolonies.**

Die naam van die hoof agter hierdie beweging is ook in Londen bekend gemaak. Hy is prof. Kwame Nkrumah, 'n 33-jarige naturel wat 'n doktor in filosofie is. Hy was voorheen 'n bediende op 'n skip.

Die verslag oor die planne van die Kommuniste is deur die komitee gepubliseer wat ondersoek ingestel het na die onlangse moeilikhede en oproer aan die Goudkus. Gedurende Februarie en Maart is 29 persone as gevolg van die oproer gedood terwyl skade ter waarde van £2,000,000 aangerig is. **Nkrumah sou ook in noue voeling staan met Kommuniste in Londen, aldus die verslag. Na die onluste is hy saam met ander uit die gebied. verban maar tans is hy weer terug in Accra.**

Die leuse van die Kommuniste in daardie geweste is „diens, opoffering en lyding".

**OOK UGANDA**

**Terselfdertyd word ook berig dat die regering van Uganda verplig is om strenger maatreëls uit te vaardig in verband met die toenemende aantal koerante wat daar onder die nie-blankes sirkuleer en linkse standpunte verkondig.**

**Die wetgewende raad het so pas 'n wet aan die orde gestel wat die Goewerneur van Uganda die reg sal gee om koerante wat onjuiste verslae en berigte bevat wat verkeerde indrukke kan skep, te beveel om artikels te plaas waarin hulle die onjuiste voorstelling korrigeer. Dit geld nie net vir artikels nie, maar ook vir advertensies en briewe wat die koerante plaas. Indien hier nie gehoor aan gegee word nie, is daar 'n swaar straf aan verbonde.**

Verskeie onverantwoordelike naturelle-blaaie het die afgelope tyd hul verskyning in Uganda gemaak. Die redakteurs hiervan is halfgeleerde naturelle wat die blankes vyandig gesind is.

(Onthou sal word dat Die O.B. onlangs berig het dat linksgesinde elemente op groot skaal besig is om koerantbelange in Afrika aan te koop).

## Behandeling Van Motors Teen Roes

'n Nuwe uitvinding van 'n Port Elizabethse garage sal motors in die toekoms vrywaar teen roes. Talle navrae is reeds by die betrokke garage gedoen deur motoreienaars wat onrustig word oor die roes-skade wat die klam seelug aan hul motors veroorsaak het.

'n Rubbermengsel wat onderaan die bak en modderskerms van motors gespuit word sal die gewig van die voertuig met sowat 60 pond laat toeneem en sal naasteby £7 kos. 'n Hele paar gelling van die mengsel is nodig vir een motor en behalwe beskerming teen roes, sal dit ook die onderkant van die motor beskerm teen gruis wat opspring, en alle onnodige kraakgeluide uitskakel. Die stofdigtheid van die motor word ook daardeur aansienlik verhoog. Bewegende onderdele word nie behandel nie.

## Sal Nie Juis Reën Kan Bestel

**Deskundiges in Suid-Afrika wat betrokke is by die reënmakery deur die middel van droë ys op wolke te strooi, is nie so seker of die proses in staat is om die droogtevraagstuk in ons land op te los nie. Hulle meen** dat Suid-Afrika net so ver met hierdie proefnemings gevorder het as enige land ter wêreld, indien nie verder nie. Dit is die mening van dr. B. F. Schonland, voorsitter van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Onlangs het vliegtuie van die Lugmag klein blokkies droë ys op 'n hoogte van gemiddeld 20,000 voet op 36 stapelwolke uitgestrooi. Die radartoestel het getoon dat slegs vier van die 36 wolke geen reën gegee het nie. Ten opsigte van nog agt wolke was die uitslag onseker. Vier-en-twintig bestuifde wolke het egter uitgesak terwyl veertien reënbuie gelewer het wat langer as 15 minute geduur het. Reën kan egter nie veroorsaak word waar en wanneer mens wil nie. Nogtans kan die strooi van droë ys op wolke help om verwoestende haelbuie te voorkom, het dr. Schonland gesê.

## *Besigheid Soos Gewoonlik — Buite Berlyn*

**Britse amptenare in Duitsland wat verantwoordelik is vir die teenblokkade teen Rusland, het die uitvoer van Duitse roustowwe na Rusland wat moontlik deur laasgenoemde gebruik kan word vir oorlogsdoeleindes, verbied. Hulle moes egter tot hul ontnugtering uitvind dat dieselfde goedere regstreeks vanaf Britse hawens na Rusland gestuur word deur die Britse handelsraad!**

## *KU KLUX KLAN EN BLANKE HEERSKAPPY*

Die Ku Klux Klan het as gevolg van die beleid van pres. Truman wat hom beywer vir gelykstelling van blank en nie-blank, weer aktief geword. Onlangs het hulle 450 nuwe lede in die aanwesigheid van etlike duisende lede ingelyf.

Die leier van die Klan het verklaar dat „die Suide sal veg teen enige poging van die Yankees om gelykstelling met rasse te bewerkstellig." Hy het verduidelik dat die fundementele beginsel van die Klan blanke heerskappy is en verklaar dat indien rasse-gelykstelling op die Suide afgedwing word, daar weer opnuut bloed sal vloei.

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..................................................
..................................................
..................................................

..............................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# AFRIKANERS LUISTER WEER NA BOODSKAP VAN 1938

**Die Ossewatrek van 1938 het die Afrikaners weer aan mekaar gebind, en gebind aan die vryheidsideaal van die Voortrekkers wat nooit vir ons so duidelik was as toe nie, het ds. J. D. Vorster, voorsitter van die Skiereilandse Eeufeeskomitee in 1938, op 9 Augustus verklaar by geleentheid van die herdenkingsfees te Goodwood. Soos die Voortrekkers sal ons verder trek totdat ons 'n plekkie grond kry waar ons vry kan wees.**

Die gepakte saal het met byvalsbetuigings geluister na die O.B.-blaasorkes wat vrolike musiek gelewer en die gesamentlike sang begelei het.

Die tyd van slapte is verby, het spr. gesê en daar is weer staal in die bloed van die Afrikaner en lig op ons pad. 100 Jaar gelede was die taktiek en politiek van die regering in die Kaap so effektief dat dit gelyk het asof die Afrikaner in hierdie land gaan verdwyn. Maar God het hom oor die volk ontferm, en gespreek: „trek!"

**CHRISTELIKE OORSPRONG**

En toe ons gedink het dat ons virgoed verdeel was en Afrikaners op mekaar geksel en met mekaar getwis het, het die Ossewatrek van 1938 gekom en ons met 'n magtige stem geroep na die God van ons vaders. Diegene wat onder vreemde invloede begin dwaal het, het weer terug gekeer na die ou paaie en weer op die waspoor gekom, **want die Afrikaner is nie iemand wat net Afrikaans praat nie, maar wat ook die knie voor God buig. Afrikaans is die enigste witmanstaal wat in hierdie land ontstaan het en die**

## Nadruk Val Op Eenheid

**Afrikanervolk is die enigste volk ter wêreld wat begin het as 'n Christelike volk in plaas van heidene soos ander volkere.**

**SKAAM**

Om die Ossewa het ons weer gevoel dat die Afrikanernasie 'n skepping van God is. Mense wat in twee kampe verdeel was, het skaam met hangende hoofde na mekaar gekom en mekaar die hand gereik. Hulle het skaam gevoel oor die skande wat ons op hierdie volk gebring het en ons het 'n dure eed van eensgesindheid gesweer.

„Maar ons het daardie woord nie nagekom nie en die katestrofe van die oorlog wat ook oor ons gewaai het, het gemaak dat ons mekaar gestamp en gestoot het. Skande het weer oor ons volk gekom. Ja tot so 'n mate dat ons wat destyds in die tronk was, God gedank het dat ons nie deel gehad het in daardie skande nie.

**NADER**

„Afrikaners, laat ons alles vergeet wat ons verdeel. Selfs politieke verskille mag nie maak dat ons verdeeld staan nie", het spr. verklaar. **Ons moet leer dat die Afrikaner wat met ons verskil nader aan ons staan as die vreemdeling wat toevallig saam met ons stem. As daardie gees in ons is, is daar vir ons 'n toekoms.**

Die Ossewa het ons toegeroep dat ons die erfenis wat ons ontvang het, skoon aan die nageslag moet aflewer. Ons het gevoel dat immigrasie nie 'n volk bou nie maar dat die nasie gebou moet word in die huise van ons volk, het ds. Vorster besluit.

**MONUMENT**

Mnr. Henning Klopper, Trekleier in 1938, het ook 'n toespraak gehou en hulde gebring aan die huidige geslag vir wat hulle tot stand gebring het.

Mnr. B. J. van Rensburg, burgemeester van Goodwood, het in sy kort welkomswoord aan die hand gedoen dat die inwoners van Goodwood, in plaas van 'n dooie monument wat hulle voorneme is om op te rig, 'n kraaminrigting moet bou met die geld, en dat dit dan dien as monument wat sal herinner aan die Ossewatrek.

Die Skiereilandse fees is afgesluit met 'n funksie te Bellville waar mnr. Dirk Mostert, opsteller van die Gedenkboek, 'n toespraak gehou het, asook mnr. Jan Haak, die onderburgemeester.

Mnr. Mostert het verklaar dat dit ongelukkig is dat daar gesê word dat ons volk ideologies verdeeld is. **Dit is 'n benaming wat nooit gebruik moes gewees het nie omdat daar geen beginselverskille tussen Afrikaners bestaan nie, dog net verskillende idees.**

## Unie Kla Indie Aan

Suid-Afrika sal Indië in Génève aankla dat hy die beginsels van die internasionale handves verbreek het deur sy boikot van die Unie. Die aanklag sal geskied by die byeenkoms van die ondertekenaars van die algemene handels- en tariewe-ooreenkoms.

Die aanklag van die Unie het 'n hoë plek op die agenda.

# UNIE KAN SY EIE PETROL HAAL UIT STEENKOOL: OOK SEEP EN KUNSMIS

**Die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika selfversorgend moet wees ten opsigte van petrol en olie is in die jongste tyd met die oog op die gevaarlike wêreldomstandighede sterk beklemtoon, maar ofskoon die parlement reeds meer as 'n jaar gelede wetgewing deurgeloods het vir die oprigting van fabrieke om petrol uit steenkool te vervaardig, is geen sodanige fabriek nog opgerig nie. Die verste wat daar gevorder is, is dat 'n myngroep glo in onderhandeling is vir die uitreiking van 'n lisensie vir 'n fabriek naby Vereeniging wat op sy vroegste eers oor vier of vyf jaar sal begin produseer.**

**Suid-Afrika is in 'n posisie om 'n groot petrolvervaardiger te word met sy ryk steenkoolvelde, waarby veral die laegraadse steenkool met groot voordeel aangewend kan word, maar besorgdheid word uitgespreek oor die traagheid waarmee die private onderneming hierdie lewensbelangrike nywerheid aanpak.**

Die fabriek waaroor daar tans in onderhandeling is, hoop om jaarliks ongeveer 60 miljoen geling te produseer, wat ongeveer 'n kwart is van die huidige behoefte van die Unie. Na verwag word sal die produksiekoste op ongeveer 1s. per gelling te staan kom, hoewel goedkoper metodes van produksie nog steeds aan die ontwikkel is.

**BYPRODUKTE**

Behalwe petrol en olie kan ook 'n groot verskeidenheid belangrike neweprodukte uit die verwerking van steenkool vervaardig word, soos plastiese stowwe, seep en veral ook kunsmis. **Op die landboukongres van die Winterreënstreek kort gelede op Stellenbosch is juis 'n besluit geneem wat die regering versoek om Suid-Afrika onafhanklik van die buiteland te maak wat kunsmis betref.**

**As daaraan gedink word dat Duitsland sonder petroleumbronne die oorlog gevoer het met petrol wat hy uit steenkool vervaardig het, kan besef word watter bate dit is. Die Duitsers het selfs baie goeie botter uit die neweprodukte van steenkool gemaak!**

**PRODUKSIE**

Vervaardiging van petrol uit steenkool bring natuurlik mee 'n groot uitbreiding van ons steenkoolproduksie. Vir die eerste fabriek sal die daaglikse produksie van die steenkoolmyne al dadelik met 5,000 ton opgestoot moet word. Dit kan nuwe arbeidsvraagstukke skep, maar met die meganisering van die myne, wat in ander lande behalwe Brittanje al baie ver gevorder is, kan ook hierin voorsien word.

**'n Nuwe Amerikaanse steenkoolgrawer waarvan daar reeds een in die Unie ingevoer is, is in staat om 1,500 ton steenkool per skof uit te haal. Hy doen die werk van ongeveer 300 man.** Die eerste van hierdie masjiene is in die Klippoortjiekoolmyne Beperk, naby Oogies, in gebruik geneem. Die masjien wat op rubberbande loop en deur sy eie krag aangedryf word, sny eers die steenkool los, dan word dit stukkend geskiet, waarna 'n laaier kom wat die steenkool op 'n vervoerwa laai wat dit op sy beurt op die koekepanne besorg. Slegs veertien man hanteer so 'n masjien.

## Afrikaanse Blad In Rhodesië

Die eerste onafhanklike Afrikaanse weekblad het verlede week vir die eerste keer sy verskyning in Rhodesië gemaak. Die blad word uitgegee deur 'n maatskappy waarvan die aandeelhouers hoofsaaklik Afrikaners is, en staan bo die partypolitiek.

# REDAKTEUR VAN KRUITHORING LOOP OOR NA SAPPE

**Die Burger berig dat mnr. Etienne Malan, wat sedert 1943 redakteur van Die Kruithoring was, en in daardie hoedanigheid bekendheid verwerf het vir sy giftige aanvalle op die Ossewabrandwag en sy leiers, verlede week oorgeloop het na die Sappe.**

**In 'n brief aan die direksie waarin hy sy besluit bekend maak, skryf mnr. Malan dat hy ooreenkomstig sy diensvoorwaardes nog sal moet sorg vir twee uitgawes van die Kruithoring, en dat hy kans sien om dit te doen — „natuurlik geskrywe in die gewone trant en volgens die beginsels van altyd".**

**Die direksie het egter besluit om hom onmiddellik te ontslaan en beslag is op sy kantoor gelê.**

Die Kruithoring was die afgelope sewe jaar feitlik die lyforgaan van dr. Malan, en het onder direksie van dr. Malan en die sekretaris en voorsitter van die Kaaplandse H.N.P. gestaan. So bitsig was die aanvalle uit hierdie blad op die Ossewabrandwag dat dr. Karl Bremer in 1943 tydens die verkiesing aangekondig het dat hy as protes teen sekere artikels bedank as direkteur van die blad. Kort daarna het verdere persoonlike aanvalle op dr. Van Rensburg gevolg wat daartoe gelei het dat sy agttienjarige seun, Johan, per trein van Pretoria na Kaapstad gereis het met geleende geld om die redakteur van Die Kruithoring 'n opstopper te gee. Na sy aanval op mnr. Malan is die polisie na die Kruithoring-kantoor ontbied en Johan is die volgende dag met £2 beboet op aanklag van aanranding.

Mnr. Malan het hom by die redaksie van Die Suiderstem gevoeg — waarheen die eerste redakteur van Die Kruithoring hom 'n paar jaar gelede al vooruit gegaan het. Hy is op die oomblik besig met 'n veldtog van „onthullings" teen die H.N.P.

## Maak Opname Van Lidmate

Die Gefedereerde Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Suidwes en Oos-Afrika sal voortaan elke drie jaar 'n kerksensus hou. Die opname vir die eerste sensus het hierdie week begin. 14,000 ouderlinge, diakens en lidmate neem daaraan deel.

In vergelyking met die groot koste wat die vyfjaarlikse staatssensus meebring, sal hierdie sensus nie eers £100 kos nie.





„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak gewaarborg 100% suiwer eerstegraadse blaar.



Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".

# KAKAMAS GAAN MEER INSAMEL AS LAAS JAAR

**Die manne- en vroue-kommando's van Kakamas het besluit om vanjaar drie afsonderlike funksies vir O.B.-dag te hou. Die eerste het reeds op 7 Augustus plaasgevind en het, nadat die onkoste afgetrek was, £100 opgelewer. £13 hiervan is deur die Boerejeug geïn. Dit is reeds duidelik dat ons opbrengs vanjaar meer sal wees as verlede jaar, berig ons korrespondent.**

Die funksie het plaasgevind onder die lemoenbome van Brandwag L. R. van der Merwe. Komdt. G. F. J. van Rensburg het die verrigtinge gelei.

Die tafels was oorlaai met vleis, wors, gebak, ens. Die Boerejeug het 'n afsonderlike tafel gehad waar hulle hul eie lekkernye verkoop het. Een skaap wat opgeveil is, het £26 behaal en 'n ander wat as prys gedien het vir die skyfskiet, het £11 ingesamel. Een Vroue-brandwag het met haar verjaardag 'n klein funksie gehou en £8 geïn.

Die tweede en derde funksie vind plaas op Alheit en Schrooder.

## Om Oor Setels Te Besluit

**Die dagbestuur van die Afrikanerparty het in elke provinsie 'n komitee benoem om met die komitees wat deur die H.N.P. aangestel is te onderhandel oor die toekenning van kiesafdelings vir die aanstaande provinsiale verkiesing. Die komitees van die A.P. bestaan uit lede van die dagbestuur, L.V.'s en lede van die hoofbestuur.**

## Gevegte Woed Weer

Na 'n paar weke van wapenstilstand het die Arabiese leërs verlede Sondag 'n algemene aanval teen die Jode aan die Jerusalemse sektor van stapel gestuur. Die hoofdoel van die Arabiere op die oomblik is blykbaar om 'n vesting tussen Jerusalem en Bethlehem te verower. Hardnekkige aanvalle word ook geloods teen die berg Sion waar die Jode hulle ingegrawe het. In Jerusalem het die teenstanders 'n aparte wapenstilstand verdrag onderteken.

## Demokrasie Beteken Nie Partystelsel, Sê Studente

Die vraag of die partystelsel noodsaaklik is vir goeie demokratiese bestuur is verlede week in Kaapstad as 'n debatspunt bespreek toe studente van Oxford teen die Universiteit Kaapstad gedebatteer het. **'n Besonder groot aantal studente uit die gehoor het hulle teen die parlementêre stelsel uitgespreek en onder ander is betoog dat dit veel beter sal wees om die beroepe verteenwoordiging te gee as kunsmatige politieke partye. Daar is ook op gewys dat as alternatief vir die partystelsel daar nie noodwendig 'n eenparty-diktatuur hoef te wees nie. Switserland, wat 'n ware demokrasie is, het geen partystelsel nie.**

Die meerderheid het egter ten gunste van die Oxfordse span gestem wat met hul beter redenaarstalent die partystelsel bepleit het.

# O.B.-Ideaal Rus Op Boeretradisie Sê A.P.-Voorman

**Die Afrikanerparty beskou die beginsels van die Ossewabrandwag nie as gevaarlik nie. Die O.B. se aandrang op 'n partylose staat is niks meer as 'n herstelling van die politieke praktyk van die ou Republieke waar daar geen koukusreëling was nie en waar 'n man gestem het volgens sy gewete hom voorskryf.**

So het mnr. Harm Oost, L.V. en voorsitter van die Afrikanerparty, verlede week aan die Cape Argus verklaar toe die hom uitgevra het oor die posisie van dr. Hans van Rensburg in die Afrikanerparty.

Mnr. Oost het ook die gerugte ontken as sou dr. Van Rensburg tweede in bevel van die Afrikanerparty wees en binnekort lid van die kabinet sal word deur 'n setel in die senaat te ontvang.

Enigeen wat die beginsels van die Afrikanerparty onderskryf kan lid van die party word en die Afrikanerparty is bereid om lede van die O.B. toe te laat om lede van die party te word sonder dat hulle hul beginsels hoef prys te gee, aldus mnr. Oost.

## Meer As Ooit Voorheen

**Komdt. D. J. Duvenhage, Matlapanen, Kuruman, berig dat O.B.-dag aldaar op 7 Augustus gevier is en dat na aftrek van die koste 'n bedrag van £19 inbetaal kon word — meer as ooit tevore.**

Die verrigtinge het die oggend al begin en is bygewoon deur O.B.-lede, Nasionaliste en Verenigde Partylede, wat almal tot die sukses bygedra het. Van die koste is ook nog afgetrek pryse vir skyfskiet en jukskeispeel.

## Te Vinde Vir Verdeling

**Koning Abdullah van Transjordanië, en hoof van die Arabiese magte in Palestina, word met 'n mate van agterdog bejeën in sekere Arabiese kringe. Volgens van Joodse kant berig word, word hy deur die Egiptiese openbare mening beskou as 'n verraaier. Dat Abdullah nie heeltemal onsimpatiek teenoor die Sionistiese beweging staan nie, word inderdaad ook berig deur die goed ingeligte blad Review of World Affairs, wat beweer dat hy in die geheim heeltemal te vinde is vir die gedagte van 'n verdeling van die land en 'n ooreenkoms met die Jode.**



**Op die foto skep koning Abdullah se motorstoet 'n skerp kontras met die Arabiese toeskouers en hul donkies wat so kenmerkend is van die land.**

# SKIEREILAND STORT FONDSE

**Die taak van die O.B. as draer van die blywende dinge van ons volk is eergisteraand beklemtoon deur die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, genl. dr. F. du Toit van Zyl, by geleentheid van die Fondsdagstortings deur die O.B.-eenhede van die Kaapse Skiereiland in die Ebenezersaal, Maitland.**

Die Gebiedsleier het sy dank en bewondering uitgespreek teenoor die offisiere en Brandwagte wat jaar na jaar onvermoeid hul offers bring om die Ossewabrandwag voort te dra. Dr. Van Zyl het veral melding gemaak van die prestasie van komdte. A. M. Jeppe van die klein Papendorp-kommando wat alle ander eenhede in die skadu gestel het deur £225 in te samel. Die O.B. het 'n plig en voorreg om te help verhoed dat daar ooit weer 'n anti-Afrikaanse regering aan bewind kom, het dr. Van Zyl gesê.

Hfgenl. P. D. Rousseau het gemaan dat die offisiere en Brandwagte moet sorg dat hul organisasie in die haak is en dat daar nie verslap mag word nie omdat die stryd nog glad nie verby is nie.

Genl. J. de Vos het gesê dat mens niks anders as bewondering kan hê vir die offisiere en Brandwagte wat onder moeilike omstandighede hul offers bring — offers wat jaarliks meer is as wat ander organisasies met magtige propagandamiddele byeen kan kry. Die Ossewabrandwag het pionierswerk gedoen in hierdie volk en sal dit voortsit. Tans is daar nie veel geleentheid vir praktiese politiek nie maar die volk moet oortuig word dat die staatsgedagte van die O.B. beter is as die huidige.

Oudgenl. Gustav Retief het ook sy waardering uitgespreek terwyl hfkomdt. J. de V. Truter voorgesit het. Die Gebiedshoofvrou van Gebied A, dr. Erika Theron kon nie aanwesig wees nie.

# DRIELING GEBORE AAN POLITIEKE GEVANGENE

**'n Drieling, twee seuns en 'n dogter — of soos die trotse vader dit stel, twee stormjaers en 'n verpleegster — was die geskenk van die goeie Gewer aan mnr. en mev. D. J. Coetsee van Coopersdal, Komatiepoort, op 4 Augustus.**

In September 1942, toe hul eersteling nog maar 'n paar weke oud was, het mnr. Coetsee as politieke vlugteling die bosse van Soutpansberg bo Sy Majesteit se tronke verkies.

Na hy byna 'n jaar uit die hande van die politieke speurders gebly het, is hy in hegtenis geneem en tot ses en 'n half jaar harde pad veroordeel. Hy is in Februarie 1947 uit die gevangenis ontslaan.

**Die moeder van die drieling het in die spesiale hof in Pretoria, tydens die verhoor van die vader, die politieke speurders uitgedaag om te ontken dat hulle haar en haar kind met tronkstraf bedreig het, na sy geweier het om 'n verklaring teen verdagte persone af te lê. Die speurders het die uitnodiging nie aangeneem nie. — (Ingestuur).**

## Atlete Ontvlug Kommunisme

**Drie van die Hongaarse atlete wat aan die Olimpiese spele deelgeneem het, het geweier om na hul Kommunisties-beheerde vaderland terug te keer en verlof van die Britse regering verkry om as vlugtelinge in Brittanje te bly woon. Ook twee lede van die Tsjeggiese span wou nie weer teruggaan na hul vaderland nie.**

TIERVLEI — Ossewabrandwagdag — TIERVLEI

Basaar en Braaivleisaand word gehou op

SATERDAG, 28 AUGUSTUS

vanaf 3-uur nm.

H/V. PRINSLOO- EN HOFMEYERWEG

*Spreker: GENL. W. R. LAUBSCHER*

★ *O.B.-BLAASORKES* ● *ALMAL WELKOM* ★

18/8/2

# ROOI DIPLOMATE BRING OPLEWING IN KOMMUNISME

**Sedert Rusland 'n diplomatieke korps, bestaande uit 'n Russiese gesant en „'n groot personeel", vroeër in die jaar in Siam gevestig het, het die bedrywighede van die Kommuniste in die land geweldig toegeneem en in die afgelope week het die oproer so 'n omvang aangeneem dat alle militêre verlof ingetrek is, volgens die korrespondent van die Times berig.**

Gesaghebbend word gemeen dat daar 'n „meesterplan" in Asië van stapel gestuur word en dat Siam tans deel daarvan uitmaak.

Die plaaslike Kommuniste bestaande uit Chinese en Siamese is veral bedrywig en maak 'n mag uit waarmee rekening gehou moet word, aldus die korrespondent. Daar word gemeen dat Siam nou 'n nuwe middelpunt van Kommunistiese bedrywighede geword het as gevolg van die onwettig-verklaring van Kommuniste in Birma en die Maleise eilande.

(In die Unie sit 'n Russiese diplomatieke korps van nagenoeg 20 lede, terwyl daar feitlik geen handel met Rusland gedryf word nie.)

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

ADVERTEERDERS IN „DIE O.B." IS MENSE WAT ONS ONDERSTEUN. DINK ONS OOK DAARAAN OM HULLE TE ONDERSTEUN?